



# KAMMANUUS

Nommer 325

26 Maart 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## 'n Storie so uit die slaapkamer

Dagsê julle!

Ons sal die ander vanne nou eers bietjie moet eenkant sit want die V's het ons so vreeslik besig gehou (die antwoorde kom steeds in) dat ons eers die Poskoets dit sal moet laat leeg ry vir 'n rukkie.

Die wenbriefie se skrywer, Marie Sweetnam van Kleinmond, was toe so stroopsoet om haar R100 aan Yade te bemaak – dankie, tannie Marie!

Sy vra toe ook so terloops watter soort menses Yade na omsien – is van hulle van die 'nuwe' landsburgers? Nee, dis ONSE mense. Yade sorg vir sowat 180 verarmde en hawelose blankes wat weens die lewe se stampe en stote agter geraak het en nie meer vir hulle self kon sorg nie.

Ons besef so goed dat dit 'n bodemlose put is, maar ons durf nie opgee nie. Terwyl ons nog kan, moet ons help, dis die kern van ons menswees en Afrikaner-karakter. Ons het besluit om sowat R1000 per maand te skenk uit Onsdorp se koffers vir basiese behoeftes. Die huidige saldo staan so naby die R12,000 en ek vertrou met die gereelde skenking van ons lesers sal ons hom daar kan hou soos die jaar aanstap.

### Slaapkamerstorie

Van die os oppie jas, 'n storie uit die slaapkamer. Hier in Doha is die beddens sulke reuse oordrewe goed. 'n Bokskryt in die kleine. As jy te ver uit jou hoek uit beweeg het in die nag, is dit 'n redelike strekpoging om by die wekker uit te kom.

Vertel 'n mede Sanermaatjie my hier van sy ervaring toe hy en sy kamermaatjie besluit om kante om te ruil in die kooi. Daar is blykbaar 'n lang en baie goeie rede hoekom hulle die skuif gemaak het, maar mens vra mos nie te direk uit oor waarom en wat nou juis gelei het tot hierdie drastiese stap nie.

Nou wonder ek dadelik of dit net ek is wat dit as 'n gevaarlike en ingrypende verandering sien. Is daar lesers wat saamstem dat dit so goed is as om aan die verkeerde kant van die pad te ry. Dis mos moeilikheid soek, of hoe?

Hoe dit ook al sy, somer die eerste oggend word maatjie wreed wakker gemaak met 'n aanhoudende geklap teen die oor. Die paartjie het een van daai wekkers wat 'n knoppie bo-op het waarmee hy doodgedruk word. So word miesies toe mos wakker van die wekker se gelui terwyl manlief nog heerlik en diep slaap.

Oudergewoonte strek sy haar arm uit na waar die wekker altyd behoort te staan en druk hom dood. Maar die wekker bly lui en sy begin vies en al hoe harder klap na daai pennetjie wat hom moet stilmaak. Dis toe al die tyd mater se kop – hy slaap mos nou aan die verkeerde kant, daar waar sy die wekker verwag!

Vertel hy my dis ook maar goed hy het nie op sy rug geslaap nie, anders was dit bloedneus. Nou meen hy hy kan ook maar net nie sy lê kry nie. Sy nek en lyf bly seer van sukkel om die vreemde kant van die bed gewoon te raak.

Miskien is daar van ons lesers (asseblief net nie weer julle wie se van met 'n V begin nie ;-) wat ook 'n slapenstyd storie of twee het wat julle met ons wil deel.


Onthou net, hande bo die komberse, asseblief!

Groete uit Sandkantland.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



Gert stap na sy buurman toe en klop aan die deur.  
"Julle moet die gordyn toetrek as julle in die slaapkamer rinkink – die hele straat het gister vir julle staan en lag."  
Buurman: "Hahaha. Die grap is op hulle. Ek was nie eers gister by die huis nie!"



# Om die kampvuur

## KWINKSLAE



### STEVEN WRIGHT

is 'n Amerikaanse komediant, akteur en skrywer. Hy is bekend vir sy trae manier van praat en uitdrukkinglose

kwytraak van ironiese, filosofiese en soms onsinnige grappe.

1. Hoe weet jy wanneer jou onsigbare ink opgeraak het?
2. As alles goed gaan, het jy beslis iets misgekyk.
3. Depressie is net woede sonder entoesiasme.
4. As alles jou kant toe kom, is jy in die verkeerde baan.
5. Ambisie is 'n swak verskoning as jy nie slim genoeg is om lui te wees nie.
6. Jy pluk later die vrugte van harde werk, terwyl jy dadelik die vrugte van luiheid pluk.
7. Hoekom vra 'n spiritus wat jou naam is?
8. As jy nie die eerste keer slaag nie, moet jy al die bewyse van jou mislukking vernietig.

## Slim mense het gesê

Liberale voel hulle is nie hul besittings werd nie. Konserwatiewes dink hulle verdien alles wat hulle gesteel het.

~ **Mort Sahl**

Ek wil minder ja-manne rondom my hê. Ek wil hê almal moet my die waarheid vertel, selfs al kos dit hulle hul werk.

~ **Sam Goldwyn**

Televisie is 'n medium, want dis nie rou nie en ook nie oorgaarnie.

~ **Ernie Kovacs**

Wanneer ek mense op 'n partytjie verveel, dink hulle die fout lê by hulle.

~ **Henry Kissinger**

My idee van 'n instemmende persoon is iemand wat met my saamstem.

~ **Benjamin Disraeli**

Ek het dit eens oorweeg om 'n ateïs te word, maar hulle het geen vakansiedae nie.

~ **Henry Youngman**



## Skotse grappe

- Die Skotte het 'n onfeilbare oplossing vir seesiek. Hulle leun oor die kant van die skip met 'n muntstuk tussen hul tande.
- McDougal stap by die viswinkel in. "Ek soek 10 pennies se tjips met baie sout en asyn en 2 pennies se piekeluie. En draai die hele lot in vandag se koerant toe."
- 'n Skot, Engelsman en Aussie bestel 'n nuwe rondte bier en elkeen kry 'n vlieg in sy bier. Die Engelsman haal die vlieg met sy Switserse weermagmes uit. Die Aussie het syne saam met 'n klomp skuim weggeblaas. Die Skot het sy bier aangekyk, en gesê: "Komaan, spoeg dit uit, jou duiwelse vlieg."
- Daar is 'n gerug wat lui dat die Grand Canyon begin is deur 'n Skot wat 'n muntstuk in 'n sloot verloor het.
- Angus kom by sy vriend Donald, wat besig was om muurpapier af te skraap. "Ek sien jy is besig om te dekoreer." "Nee, ek is besig om na 'n ander huis te trek."

HOU OP OM TE PROBEER OM  
**IN TE PAS**  
AS JY GEBORE IS OM  
**UIT TE STAAN**

## NUWE WOORD

### Kuberkonders

*Naamwoord*

Iets waaraan mense ly wat kompulsief op die internet soek na inligting oor spesifieke of verbeelde simptome van olikheid.

## Die nuwe geslag

Van die Australiese kinders wat laerskool voltooi, het 75% gedink katoensokkies kom van diere, en 25% dink joghurt kom van plante.

'n Australiese liggaam wat opvoedingsnavorsing doen, het in gevind daar bestaan wydlopende onkunde oor kos en boerdery. Die oorweldigende meerderheid het geweet wat aartappelskyfies en koffie vandaan kom, maar amper 20% van die groep tussen 10 en 12 jaar het gedink pasta kom van diere en roereiers van plante.

**(Weet ons eie kinders nog wat 'n lunsriem is?)**



# Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

## Pienk – die nuwe modekleur vir mans

Deur Johannes Horn

**PIENK** is die nuwe modekleur – vir mans. Pienk hemde het in omloop gekom, en nou het die Blou Bulle se wegspeel-trui ook pienk geword (nadat die Boland Kavaliers verlede jaar die voorbeeld gestel het).

Nou weet ons ook almal dat pienk die kleur vir dogtertjies is, en blou vir seuntjies. Maar dit was nie altyd so nie: Volgens 'n voorkomskonsultant was blou van 1905 tot 1939 die kleur vir meisies, en pienk vir seuns. Daar is glo gevoel dat pienk rooi as ondertoon het, en rooi is beskou as 'n sterk, manlike kleur.

Op 'n webwerf word weer gesê dat kinders voor die 1920's nie volgens kleur aangetrek is nie. Babas van albei geslagte het glo gewoonlik wit rokke gedra.

Amerikaanse navorsers het bevind dat alle meisies in elk geval hier om en by twee jaar oud deur 'n pienk-fase gaan. My kleindogter is so oud, en sy gaan tans deur 'n Spiderman-fase: skoentjies, hempies, bekertjies, balle, bordjies – noem maar op. Tot 'n Spiderman-tandeborsel. Hulle maak baie geld uit haar ma.

In 'n kits-steekproef of Leefstyl se webblad het mans laat blyk dat hulle nie sommer pienk sal dra nie (behalwe seker as hulle rugby speel).

Maar pienk pas glo by die meeste mans se vel-ondertoon, en kan saam met alle neutrale kleure gedra word.

Waar ek in die Karoo grootgeword het, het die plaaswinkel net khaki-hemde aangehou. Later kon jy kies tussen khaki en blou.

En as jy 'n blou hemp gekoop het, is jy dikwels skeef aangekyk . . .

## Cleopatra was eintlik maar lelik

**ANTONY EN CLEOPATRA**, een van die geskiedenis se mees romantiese paartjies, was nie die beeldskone mense wat Hollywood aan ons opgedis het nie, het akademië gesê.

'n Studie van 'n piepklein muntstuk van 32 v.C. van die Egiptiese koningin toon dat sy 'n gepunte ken, dun lippe en 'n skerp neus gehad het.

Romeinse skrywers het ons vertel dat sy intelligent en chaismaties was, met 'n verleidelike stem.

Interessant genoeg sê hulle niks oor haar skoonheid nie - dit blyk 'n maaksel van Hollywood (met Elizabeth Taylor) te wees.

Die silwer muntstuk sou deur die munt



van Mark Antony uitgereik gewees het. Die keersy toon Antony.

Cleopatra het waarskynlik gif gedrink nadat haar vloot in 30 n.C. deur Actium verslaan is.

## Polisieverklaring

**MEDIA STATEMENT BY THE PROVINCIAL  
CORPORATE COMMUNICATION  
SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE  
NORTH WEST PROVINCE**

TO: All Media

Date: 01 MARCH 2012

A MAN SHOT HIMSELF.

Hebron Police registered a case after a 22 year old allegedly man shot himself with a revolver belonging to her mother on Wednesday 29 February 2012 at approximately 09:30 at Newstand. The man allegedly shot himself on the head and the revolver was found in his right arm. The revolver was taken by Local Criminal Record Centre Police.

Media Enquiries: Captain (Naam deur Kammanuus verwyder)

Corporate Communication: North West Province

Tel: 018 299 7216



# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## BESLUIT TOG NOU!

Die vrou en haar dogtertjie van 14 maande het op die trein gery toe Sussie honger word en mamma moes borsvoed, maar Sussie wil net nie suig nie.

Ná 'n lang gesukkel kyk Mamma moedeloos op en sien 'n oom wat hulle dophou.

"Sien jy daai oom? As jy nie suig nie, gaan ek die tietie vir hom gee," dreig Mamma.

Maar dit help niks. Ná nog 'n gesukkel en gesoebat staan die oom op.

"Dametjie, askies dat ek pla. Maar kan jy asseblief vir die kind vra om te besluit wat sy wil doen? Ek moes al drie stasies terug afgeklim het."

**(Ingestuur deur Susan.)**



'n Nigeriese sokkerentoesias

## VUIL GEDAGTES

Die gr.6-juffrou vra vir die klas: "Watter deel van die mens se liggaam vergroot tot tien keer sy normale grootte wanneer dit gestimuleer word?"

Niemand antwoord nie, totdat Marie opstaan en sê: "Juffrou mag nie sulke vrae vir graad sesse vra nie. Ek gaan my ouers vertel en hulle sal die hoof vertel en hy sal jou wegjaag."

Die juffrou ignoreer haar en vra weer die vraag.

Marie sê vir die kinders om haar: "Sy gaan in groot moeilikheid wees."

Die juffrou ignoreer haar steeds: "Wil niemand antwoord nie?"

Jannie staan huiwerig op en sê: "Dit is die pupil van die oog."

"Baie mooi Jannie," sê sy terwyl sy na Marie draai en voortgaan, "en vir jou jonge dame het ek drie goed te sê:

Eerstens het jy vuil gedagtes, tweedens het jy nie jou huiswerk gedoen nie, en derdens gaan jy eendag baie, baie teleurgesteld wees!"

**(Van Johann Mostert.)**

## HALLO, PA . . .

My dogter het by die sitkamer ingestap en gesê:

"Pa, kanselleer asseblief my toelaag. Verhuur my kamer, gooi my klere weg, vat my TV, my stereo, my iPad en my skootrekenaar. Gee al my juweliersware vir die welsynswinkel. Verkoop dan my nuwe kar, vat my voordeursleutel weg en belet my die huis.

"Dan moet pa my onterf en my erfdeel aan my kinders bemaak. Moet nooit weer met my praat nie."

**Wel, sy het dit nie heeltemal só gestel nie.** Wat sy eintlik gesê het is:

"Hallo, Pa. Ontmoet my nuwe kêrel. Sy naam is Siphó."

## SLEGTE SMAAK

Die mannetjietier loop al agter die wyfie in die veld aan en lek kort-kort haar stêre.

"Ek wens jy wil ophou," grom sy.

"Askies, vrou. Maar ek het netnou 'n politikus geëet en ek sukkel om die smaak uit my mond te kry."

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





## Duskantlanders in Anderkantland

### Die V-vanne vertel waar hulle is en wat hulle doen

#### 'n Vannermerwe in Anderkantland!

##### Zanna van der Merwe, Bahrein:

My van is Van der Merwe! Watse VAN om in Anderkantland te hê! Ons was al alles van "Van, Vandermere, VanDer, ens. As iemand my van vra, sê ek gebruik my naam, dit is darem 'n bietjie makliker! Zanna, of Rozana, my doopnaam, nie een van die makliker name nie nê!

Die Zanna kom van Rozana af nadat my ma uitgevind het hierdie tweede dogter van haar het haar man se Italiaanse girlfriend van die Tweede Wêreldoorlog se naam, van daar af is ek Zanna.

Ons bly in Bahrain – vir nou, met die van der Merwes weet jy nooit! Ons het byvoorbeeld in 2010 in Singapoer, Brasilië, Suid-Afrika en Saoedi Arabië gewoon! Alles in een kort jaar.

Maar ek is moeg! Verlang na ons eie land waar ek nie soveel stofstorms het nie! En waar my kinders en my mense is! Ek is 'n tuisteskepper, borduur, kwilt, smock, digitise en maak huisskoon. Verder is ek ook nou betrokke by Cansa TLC in Suid-Afrika – al is dit lang afstand. Meeste van my handewerk gaan aan Cansa en liefdadigheid.

My kinders sal uit**reak** as ek hulle name noem, maar ons het 3 wat 6 geword het met die jare en dan het ons nog 'n deposito in die hemel ook. Haar naam was Nadia-Louise. Ek stuur my **Kammanuus** vir die hele familie aan elke maand en ja, ek lees hom op glas, gewoonlik op die iPad voor die Tv as manlief TV kyk.

#### Oral gewoon, nou Kiwi's

##### Susan van Jaarsveld, Nieu-Seeland:

Ek weet nie of dit tel nie, maar my van begin met 'n "van" - van Jaarsveld.

Woon in Nieu-Seeland nou vir ses jaar, is 'n Kiwi-burger nou, was eers in Engeland vir drie jaar en voor dit was ons woonagtig in Swaziland.

Ek en my man is gebore in Suid-Afrika, skool, en universiteit toe gegaan daar. Ons kinders is daar gebore. Ons jongste is ook 'n Kiwi, maar woon en werk nou in Australië soos sy broer. Ons dogter is nog in Suid-Afrika en ons oudste seun ook hier in Nieu-Seeland. Almal 'n "van Jaarsveld.

#### V-vrou 'n radioterapeut in Oz

##### Deon Kruger, naby Brisbane:

My vrou se nooiensvan was Van Galen. Ek krap maar my eie potjie hier in Australië. Ons bly so 'n uur se ry noord van Brisbane op die Sunshine Coast (pas afgetrek van Townsville af).

My vrou is 'n radioterapeut by 'n private praktyk op Maroochydore. Ek het twee seuns nog op Townsville (26 en 23 jaar oud) en 'n 15-jarige dogter saam met ons. Ons is nou agt jaar hier.

#### In Portugal word 'n D somer 'n V

##### Magdalena Maryna "de" Villiers, Lissabon:

My nooiensvan was 'n "D" vir "de" Villiers, maar nou in Portugal het hulle die "De" en "Da" laat val so mens is maar nou net Villiers of Costa, so weet nou nie eintlik of ek nou onder "V" val nie of maar nog steeds 'n "de" is nie.

My bynaam is Rene en ek bly nou in Anderkantland in Portugal. naby Lissabon en werk as 'n sekretaris

My man Jorge is Portugees. Ek het 'n dogter, Tanya, en 'n seun, Shaun, Ek lees **Kammanuus** op glas, en stuur hom vir my pa in Bali en my boetie in Australië.

#### Nog twee van Doer Onder

##### Hanta van Rooyen, Australië:

Ons woon in Ormiston, Australië. Enigste seun is in Toronto. Ons is Partners in Frosty Boy. [www.frostyboy.com.au](http://www.frostyboy.com.au)

Ek lees dit somer op glas. Geniet altyd jou kostelike sêgoed. Stuur dit vir my pêle in Suid-Afrika.

##### Grieta Oost Venter:

Ek woon in Manurewa Nieu-Seeland. EK is op pensioen, ek woon by my oudste dogter en haar familie. Ek stuur **Kammanuus** aan heel veel mense aan. Groetjies

# Die kaalkopman met die houtbeen



'n Man met 'n kaalkop en 'n houtbeen word na 'n kostuumbal genooi. Hy weet nie wat om te dra on sy kaalkop en sy houtbeen te verbloem nie, en skryf aan 'n kostuumwinkel en verduidelik sy probleem. 'n Paar dae later kry hy 'n pakkie met 'n briefie daarby:

"Beste Meneer

Hierby ingesluit is 'n seerower se uitrusting. Die sakdoek met kolle sal jou kaalkop verbloem, en met jou houtbeen is jy uitgeknip vir die rol."

Die man is ontstoke omdat hulle juis sy houtbeen beklemtoon, en hy skryf 'n baie kwaai brief terug. 'n Week later kry hy weer 'n pakkie met 'n briefie:

"Beste Meneer

Ons vra verskoning vir ons vorige voorstel. Hierby ingesluit is 'n monnikskleed. Die lang toga sal jou houtbeen versteek, en jou kaalkop is perfek vir die rol."

Nou is die man eers woedend omdat hulle sy kaalkop beklemtoon. Hy skryf 'n erg-gelaaide brief terug. Die volgende dag kry hy 'n klein pakkie in die pos.

"Meneer

Hierby ingesluit is 'n blik gouestroop. Gooi die stroop oor jou kop uit, steek jou houtbeen in jou gat op en gaan as 'n toffie-appel."

# Eendag in 'n winkelsentrum

My pa is 70 en ek het hom verlede week winkelsentrum toe geneem om skoene te koop. Ons het toe sommer iets ligs in 'n kafeetjie geëet.

Ek het opgelet hoe hy 'n tiener wat by die tafletjie langsaan sit bestudeer. Sy het spykerhare in allerhande kleure gehad.



My pa het aanhou staan. Elke keer as die tiener kyk, was my pa se oë op haar. Sy het haar later vervies en het sarkasties gevra:

"Wat's jou probleem, ou man? Het jy nooit in jou lewe iets wild aangevang nie?"

Ek ken my pa, en ek het my kos vinnig gesluk sodat ek nie stik oor sy antwoord nie. Ek het geweet dit gaan 'n goeie een wees.

Sonder om 'n oog te knip, antwoord hy toe in sy klassieke styl:

"Ek het een keer in my prille jeug stormdronk geraak en 'n papegaaï gespyker. Ek het net gewonder of jy my dogter kan wees."

## REDDERSBURG REÜNIE

Daar word in September 'n reünie vir die 1962-matriekklas van die Hoërskool Hendrik Potgieter op Reddersburg beplan. Kontak asseblief vir Alta (de Jager) by 0794 1234 79 of 013 692 4764.

E-pos adres [corievz@telkomsa.net](mailto:corievz@telkomsa.net)"





## Deel 15 Ondangwa se spook verskyn



**DIRK BOSHOFF**

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog verder van die soldate se ondervinding met 'n spook.

### VERLEDE KEER:

**Dit was pikdonker in die bomskuiling toe ek deurstep. Iemand het my gevra om sy sigaret vir hom aan te steek. Ek het my lighter uitgehaal en vuur getrek. Toe die bomskuiling verlig was, kon ek niemand sien nie. Ek het so groot geskrik dat ek uitgehardloop het.**

### LEES NOU VERDER:

Vir die eerste keer het ek gewonder of die eerste drie ouens nie die waarheid oor die spook gepraat het nie. Ek het Kaas met vrae getreiter, en hy het aangebied om die spook uit te roep.

Kaas het reg in lyn met die opening van die bomskuiling gaan staan, so 12 meter weg. Ons drie het onder die boom skuins agter op die teerblad op ons hurke gaan sit. Waar Kaas gestaan het, was dit donker, met die skynsel van die mislig op die agtergrond. Links van ons het Angola gelê en het blitse geslaan. 'n Ligte briesie het vanuit dit Ooste aangestreeel gekom. Ek onthou nog die sagte gesuis in my ore.

Kaas het toe die spook geroep: "Spook, kan jy uitkom". Ons kon toe nog niks sien met die hoek wat ons na die bomskuiling gekyk het nie. Ons het in afwagting gesit. 'n Mens weet nie eintlik wat jy moet sien nie, veral as jy nog nooit 'n spook gesien het nie. Kaas het vir die derde keer die spook probeer uitroep: "Spook, ek sien jou nou, kom uit, ons wil met jou gesels."

Dit het rillings deur my gestuur toe Kaas sê hy sien die spook. Ons kon nog niks sien nie omdat ons skuins van die bomskuiling gesit het, maar Kaas kon by die skuiling inkyk. "Kom maar uit, ons wil net gesels," sê Kaas.

Wraggies, daar hoor ek die eerste reël van *Stille Nag*, *Heilige Nag* wat gefluit word. My twee vriende langs my VRA saggies: "Daar's hy, sien julle hom?". Ek kon nie dadelik iets sien nie, maar toe hulle begin weghardloop, sien ek die swewende gedaante terugswef na die bomskuiling.

### **Kaas het weer die spook uitgeroep.**

Kaas begin toe ook hardloop. Ek maak myself wys dat ek te lank op die grens was: dat ons bossies geraak het, en miskien haak ek ook uit.

### **Weer het ek die *Stille Nag*, *Heilige Nag* se eerste reëltjie gehoor.**

Ons het tussen die kwartiere van die sekuriteitsoldate ingehardloop. Van die manne het ons gevra wat met ons aangaan. Ons het hulle vertel. Hulle wou ons nie glo nie en wou, soos ons, dit self sien.

Ons het Kaas oortuig dat hy weer die spook/gedaante moet uitroep. Hy was bereid om dit weer te doen. Ons het weer

onder die boom gaan hurk. Ons was toe so agt manne onder die boom.

Terwyl Kaas regmaak om spook/gedaante te roep, het ek myself daar en dan oortuig dat ek dié keer sal doodseker maak dat ek reg sien en reg hoor en dit in my brein inprent om seker te maak dat wat ek hoor en sien werklik is en nie 'n droom is, of dat ek bossies raak nie.

Ek het letterlik my oë op skrefies getrek om seker te maak dat dit wat ek gaan sien werklik is. Ek het my kop effens skeef gedraai sodat die briesie nie in my ore suis nie. Ek wou seker maak dat ek reg hoor. Kaas het weer die spook uitgeroep. Weer het ek die *Stille Nag*, *Heilige Nag* se eerste reëltjie gehoor. Presies soos 'n mens wat fluit.

Ek het met 'n skok besef dat die gefluit wat ek vroeër die aand gehoor en gedink het iemand anders fluit die liedjie, die spook moes gewees het wat tussen of naby ons verbybeweeg het sonder dat ons hom gesien het . . .

Kaas het die spook vir die tweede keer uitgeroep. Ek het dadelik die *Stille Nag*-liedjie se fluit erken. Die eerste reëltjie word oor en oor herhaal, saggies. Ek het my ore gespits gehou, seker gemaak die briesie suis nie in my ore nie. Ek het geweet ek's nie bossies nie, ek hoor die gefluit.

Toe kom die spook uitgesweef na Kaas toe, tot so vier, vyf meter van hom af . . .

**VOLGENDE KEER: Ek sien die spook duidelik. Hy's twee meter lank . . .**

# NEGE WOORDE WAT VROUE GEBRUIK

(1) **Goed**: Dit is die woord wat vroue gebruik om 'n argument te beëndig wanneer hulle reg is en jy jou mond moet hou.

(2) **Vyf minute**: As sy besig is om aan te trek, is dit 'n halfuur. Vyf minute is net vyf minute as jy nog vyf minute gegun is om die wedstryd te kyk voordat jy met die huiswerk moet help.

(3) **Niks**: Dit is die kalmte voor die storm. Dit beteken jy moet op jou tone wees. Argumente wat met Niks begin, eindig gewoonlik met Goed.

(4) **Gaan voort**: Dit is 'n uitdaging, **nie toestemming nie**. Moenie Dit Doen Nie!

(5) **Luide Sug**: Dit is eintlik 'n woord, maar dis 'n nieverbale uiting wat dikwels deur mans misverstaan word. 'n Luide sug beteken sy dink jy's 'n idioot en dat sy wonder hoekom sy besig is om haar tyd te mors deur met jou oor niks te staan en argumenteer. Verwys terug na #3 vir die mening van Niks.

(6) **Goed so**: Dis een van die gevaarlikste goed wat 'n vrou vir 'n man kan sê. Goed so beteken sy wil lank en hard dink voordat sy gaan besluit hoe en wanneer jy vir jou fout gaan betaal.

(7) **Dankie**: As 'n vrou jou bedank, moenie vrae vra of flou word nie. Sê net jy's welkom. (Ek wil iets byvoeg: Dis waar, tensy sy sê 'Baie Dankie'. Dit is pure sarkasme en sy is glad nie besig om jou te bedank nie. MOENIE sê 'jy's welkom' nie, want dit sal lei tot Wat Ook Al.)

(8) **Wat Ook Al**: Is 'n vrou se manier om te sê "Vlieg in jou moer." (gesensor).

(9) **Moenie kommer nie, ek het dit**: Nog 'n gevaarlike stelling. Dit beteken iets wat 'n vrou al 'n paar keer gevra het 'n man moet doen, en dit nou self doen. Dit sal later daartoe lei dat die man vra 'Wat is verkeerd?' Vir die vrou se antwoord, sien #3.





# Só maak mens!

**Kammanuus se eie tuisnywerheid**

Deur RETHA KRUGER

## KOUE SAGOPOEDING

(resep #2 van 15.01.1982)

1 pak pynappel jellie  
2 eiers  
1 k kookwater  
2 k melk  
4 e sago  
4 e suiker  
Knippie sout

Week sago in helfte van die kookwater. Los die jellie in die ander helfte op, roer deeglik.

Verhit die melk, voeg helfte van suiker en knippie sout by.

Roer sago in melk in en laat stadig prut tot deurskynend.

Skei eiers. Voeg oorblywende suiker by eiergele en klop tot donsig.

Roer dit by die sago mengsel in en laat nog 2 minute prut terwyl u voortdurend roer.

Verwyder van stoof en laat effens afkoel, roer jelliemengsel by en roer deeglik.

Klop eierwitte styf en vou in.

Plaas in yskas tot gestol.

Bedien met vla of room !

## STAMBOOM

### Wie kan die familiesoekers help?

**CLAASEN/CLAASSEN/CLAASSENS** [rethajacobs29@yahoo.com](mailto:rethajacobs29@yahoo.com)

Ek is dringend op soek na die 'Claas(s)en-afstammeling in Suid-Afrika' geskryf deur N.Claassen en G.H. Claassen. Indien jy die boek 2de hands aan my kan verkoop sal ek dit waardeer. Weet iemand waar ek die boek kan kry? Dit het 'n volume 1 en 2. Kontak my asseblief by [rethajacobs29@yahoo.com](mailto:rethajacobs29@yahoo.com).

**CRONJE** [ronlyn.pratt@gmail.com](mailto:ronlyn.pratt@gmail.com)

Johannes Hendrik Cronje, \*1861 veldkornet en seun van Generaal Pieter Arnoldus Cronje.

**DU PLESSIS** [mdup@mweb.co.za](mailto:mdup@mweb.co.za)

Addisioneel: Afstammeling van Du Plessis's van De Aar

**FOURIE** [cfourie@mailbox.co.za](mailto:cfourie@mailbox.co.za)

Etienne Johan Fourie seun van Johannes Andries Fourie van Paarl, Kaap

**GROBLER** [elsabee@hotmail.com](mailto:elsabee@hotmail.com)

My oupa was van Stutterheim. My ma was Phillippina Stofelina gewees. Haar neefs is van Oos London. Kan net onthou van die oom wat so vinnig gehardloop het. Hyen Paul Nash deel die 100 tree rekord in Oos London. 'n Tannie se naam was Winnie of so iets gewees. Enige inligting sal waardeer word. Dankie

**PUTTER** [paul@tdseng.co.za](mailto:paul@tdseng.co.za)

Inligting van die Putter wat in Pretoria woonagtig was gedurende 1940 tot 1970.

**ROOS** [baby@uromed.fichmed.co.za](mailto:baby@uromed.fichmed.co.za)

Op soek na die familiewapen van die Roos familie. Oupa grootjie Nicolas Johannes Roos (Petrussteyn) of Hendrik Antonie Michael Roos (Petrussteyn). Benodig vir 60ste verjaarsdag. Asseblief, dankie Elmarie.

**SNYMAN** [hettie625@gmail.com](mailto:hettie625@gmail.com)

My oupa was Christoffe I Gerhardus Snyman. Gebore 04/10/1896. En oorlede op 20/09/1962. My ouma H M J H Snyman (gebore 10/07/1901 - 29/10/1954. Is op soek na my oupa se ouers se gebore en afsterf datums. Hulle is Fredrick Christoffel Snyman en Jacoba Wilhelmina Snyman (gebore van Staaden). Groete Hettie

**VAN HEERDEN** [knader@mweb.co.za](mailto:knader@mweb.co.za)

Wil net graag uitvind of daar enige van ons familie op hierdie stamboom is. My oupa Dirk Wouter Immelman (Carnavon, Van Wyksvlei, Victoria-Wes) My ouma: Lena van Heerden. My pa Barend Johannes Jacobus van Heerden. My ma Glaudina Gertruida van Heerden ( Mitchell) Ek Brenda Saharatia Nel (van Heerden ) Hoor graag van julle.

**WEYERS** [elmariew@tlokwe.gov.za](mailto:elmariew@tlokwe.gov.za)

Ek is besig om 'n Weyers-stamregister saam te stel. Enige inligting oor 'n Weyers-afstammeling in SA sal verwelkom word. Erkenning sal aan alle bydraes gegee word.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

# Nenna

"Nenna is skrande, dis so jammer dat sy nooit meer sal wees as 'n kamermeisie nie."

Deur JO' VAN TONDER

Lettie maak 'n holte in die middel van die meel-en-soutmengsel en voeg die suurdeegmengsel daarby. Sy knou en knie dit goed totdat die deeg mooi skoon afkom van haar hande. Boervrouhande, jong sterk hande, as dertig nog jonk is. Voeg die orige lou water bietjies-bietjies by terwyl sy die sagte varkvet goed deurknie. Knietyd is dinktyd. Baklei-tyd. Deurmekaarkop-skoonmaaktyd.

Sy gooi die brosbrown gemaalde kailings by. Knie dit weer baie goed. Haar arms word nie meer lam soos in die begin nie. Kailingsbrood bak so 'n uur in die buite-oond. Sy knip die gietysterdeurtjie oop en pak die lang brode mooi in die middelhitte.

Dit gaan 'n moeilike week wees. Dit gaan 'n moeilike jaar wees. Alleenwees is moeilik. Die korhaan het al vanoggend vroeg geroep. Dit gaan reën.

Toe sy terugstap opstal toe, kry sy vir Nenna teen die groen sederhoutdeurkosyn sit lees. Plaas help die kind haar pak. Dis hoekom sy hierdie week hier by haar kom bly het. Om haar te help om haar lewe uit te sorteer. Lettie is halfpad in die gang af op pad kombuis toe, toe dit tot haar deurdring: dis haar bêre-does!

"Nenna! Waar kry jy dit?"

Die kind kyk skuldig op.

"Heel onder in oom Danie se hangkas, toe ek besig was om sy klere uit te soek en op te vou."

Kotie gaan sit plat op die steenpatroon van die kleivloer, langs die kind met die blas vel, fyn gelaatstrekke en donker krulke.

Lettie tel die houer op haar skoot en asem haar verlede diep in: liefde soos 'n bruisende bergfontein, dagdrome vol jongmenshoop, laatnag maanskyndandeling deur dragtige vrugteboorde, pit-vir-pit granate eet, skelmpies briewe met gansvere skryf, knus donskombersdae, kerfies biltong, saamkarring aan bokmelkbotter, yskoue heuningbier op 'n soel somersdag, die geur van gebrande koffiepitte, spatsels reënboogkleure van kalwerliefde, die saligheid van saamwees ... en 'n troebel plaasdam vol verlange.

Nenna vou nog 'n brosegeel velletjie papier versigtig oop en lees hardop.

*"Een verteerd blik heeft mijn gelei-lam knieën onder mijn uitgeklets.*

*Een sielsboodskap, zonder woorden,*

*buitelingen toen mijn hartsdeure open, zodat je erin kunt lopen.*

*Een enkele kijken heeft mijn binnenkant summier omgedop en uitgeschud.*

*Mijn leven was perfect puzzel-ingeskik,*

*nu heb je het eensklaps holderstebolder zomaar verward krassen...."*

Lettie ken elke woord uit haar kop uit. Dis in haar hart uitgekerf.

Nenna lees goed vir haar ouderdom. Sy is skrande, dis so jammer dat sy nooit meer sal wees as 'n kamermeisie nie. 'n Huisbediende. Kotie en die ander kinders in die gesin was soos haar broers en susters, maar Nenna sal altyd 'n weggooikind bly. Sy kla nooit, maar Kotie kan soms die drome in haar oë sien. Al die ander jongmense gaan skool toe, gaan katkisasie toe, hou somerpieknieks, doen volkspele en dans eke Oujaar dat die misvloere stof opskop.

Net Nenna nie. Sy het die ABC, die AB-jab en die Trap der Jeugd self baasgeraak terwyl sy al om hulle afstof, as die ander kinders by die groot eetkamertafel sit en sukkel om te lees, skrywe en reken. En as hulle sing, het haar suiwer stem tussen almal s'n uitgeklingel.

"Ousus, is dit 'n brief van oom Danie aan jou?"

Sy vou die liefdesboodskappie weer netjies op sy voutjies.

*"Nee... oom Danie was lief vir my, maar hy sou nooit so iets geskryf het nie! Hy was, soos die Ingelse sê: sommer net prim en propper!"*

Hulle giggel.

Tot sy dood was haar ou man net goed vir haar. Hy was skatryk. Altyd bedagsaam, sy het nooit 'n tekort aan enigiets gehad nie.. En sy was 'n "goeie vrou"; altyd netjies, sy het geleer om lekker kos te maak, die huis was skitterskoon, sy kan slag en karring en konserf maak en seep kook. Sy het nooit teruggepraat nie, nooit gekla nie. Dit was 'n afgesonderde lewe en die depressiejare was nie maklik vir 'n jong vrou nie.

Dit was 'n gereelde troue. Hy was 'n wewenaar. Sy was 'n jong wederstrewige. Hy was 81. Sy was 18. Haar ouers het gereken dat dit haar sou tem. Jy kan nie liefde tem nie.

*"Ousus, die datum op hierdie brief is dieselfde jaar as waarin ek gebore is, van wie was dit?"*

Lettie onthou nog die dag toe hulle mekaar raakgekyk het. Dit was liefde met die eerste oogopslag.

*"Sommer iemand wat ek geken het... Moet jy nie nog die vuurherd gaan skoonmaak nie? Die kaingbrood is nou-nou klaar en jy wil sit en klets!"*

Nenna pak die snuisterye terug in die oorgetrekte hoededoos en stap gang af slaapkamer toe.

*"Wat het van hom geword?"*

Kotie antwoord nie. Dit voel nog steeds of haar hart saamgekleem word as sy daaraan dink. Ná al die jare brand dit steeds in haar borskas.

Nenna pak die laaste kisklere weg. Sy sal volgende week teruggaan na Pa Niek en Ma Johanna toe, die oumense kan nie so lank sonder haar klaarkom nie. Sy weet dis nie haar bloedouers nie, maar hulle het haar soos hulle eie grootgemaak. En sy is in die testament. Hulle was vir haar lief vandat hulle haar die eerste oggend by die voordeur gekry het. In 'n mandjie, warm toegewikkel in 'n sagte pienk flennie-kombersie.

**D**is wat hulle haar vertel as sy vra waar sy vandaan kom. Voor in die Statenbijbel is 'n stamboom met al die voorvaders en kinders se name in, maar haar naam is nie in sierskrif daarin geskryf nie. Sy sal altyd wonder wie haar regte ouers is. En hoekom hulle haar weggegooi het. En hoekom sy nie ook familienaam kon kry nie.

*"Ousus, kan jy nog onthou toe julle my gekry het?"*

Lettie onthou. Sy glimlag sag.

*"O ja, jy was die mooiste babatjie wat ek nog gesien het!"*

Groot blou ogies en lang sagte donker krulletjies. Ligroos tuitbekkie. Fyn stokkie-vingertjies en krultoontjies...

*"Ousus, partykeer wens ek dat jy my ma was... "*

*"Dink jy my Mamma was so lief vir my soos wat jy vir jou kinders is?"*

Lettie antwoord nie dadelik nie. Sy onthou.

Die blou-blou oë wat haar knieë lam gemaak het, haar hart holderstebolder laat bollemakiesie slaan het. Sy teer blik. Hoe sy sagte aanraking haar asem weggeslaan het. Die koesterende warmte van sy omhelsing. Die heelheid van hoort. 'n Stukkie hemel wat hang op aarde...

Sy onthou die dag toe haar Pa hom eenkant toe geroep het. Dit was 'n verlore dag. Toe die lewe haar op haar knieë gedwing het. Toe sy agtergekom het dat 'n stukkende hart nog steeds kan klop.

Sy kyk diep in die kind se blou-blou oë.

*"Nee Nenna, ek dink nie so nie. Ek weet!"*

Veraf dreun die donderweer. Hulle moet die spieëls gaan toemaak.